Goeie Vrydag

kruiskerk.co.za

10 April 2020 11:00

In isolasie tydens nasionale staat van inperking

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Die kruisiging; wat maak ons hier?

Skriflesing: Matteus 27:32-51

Broodjies vir die pad

"A social order bent on producing wealth as an end in itself cannot avoid the creation of a people whose souls are superficial and whose daily life is captured by sentimentalities. They will ask questions like "why does a good God let bad things happen to good people " such people cannot imagine that a people once existed who produced and sang the psalms. If we learn to say "God " we will do so with the prayer "My God my God why have you forsaken me?"

— Stanley Hauerwas

"on the cross, just moments before his death, Jesus cries out in anguish and dereliction, "My God, my God, why have you forsaken me?" That is the pivot point of all cosmic history, for in that moment God became fully human. Only when God felt abandoned, alone in the universe, did God gain total empathy with the human condition."

— Tony Jones, Did God Kill Jesus?: Searching for Love in History's Most Famous Execution

Tony Jones is the author of Did God Kill Jesus? (HarperOne, 2015) and contributing writer to several outdoors periodicals. He's written a dozen books, including The New Christians: Dispatches from the Emergent Frontier and The Sacred Way: Spiritual Practices for Everyday Life, developed the iPhone app, hosts the Reverend Hunter Podcast, and teaches at Fuller Theological Seminary. Tony is a sought after speaker and consultant in the areas of emerging church, postmodernism, and Christian spirituality, writing, and the outdoors. He served as a consultant on the television show, The Path, and he owns an event planning company, Crucible Creative. He holds an A.B. from Dartmouth College, an M.Div. from Fuller Theological Seminary, and a Ph.D. from Princeton Theological Seminary. Tony is married, has three children, and lives in Edina, Minnesota.

"Christmas and Easter can be subjects for poetry, but Good Friday, like Auschwitz, cannot. The reality is so horrible it is not surprising that people should have found it a stumbling block to faith."

— W.H. Auden

Tuiskwarantyn

Die aarde draai, maar dis anders
die wêreld het gaan staan

Mense glimlag vir mense agter glas
Ons leer nuwe woorde en ons leer
ou woorde op 'n nuwe manier
Verkiem Besmet Toiletpapier

Binnenshuis is families
na mekaar gekeer,
buite is gemaskerde emoji's
op straat
Ons probeer paniek kalibreer

In self-isolasie en versperring
onderneem ek wêreldreise
op 'n rekenaarskerm,
sien bosvarke snuffel
in die middel van 'n stad
iewers ver van hier

Die water word weer helder,
daar groei 'n boom in my hart,
in my armholtes dra ek
naaldekokers en duiwe,
voel een met die natuur
al wil ek fopnuus vermoed
en al is daar 'n virus
so mooi soos 'n blom
in my buurman se bloed

noudat die planeet se kuur
skuil in 'n snawelmasker-
skaduwee teen die huis
se binnemuur

René Bohnen

Met verwysing na my opmerking verlede Sondag oor die metafoor: die Woord van God

Dít regverdig nie skeuring in NGK

Leopold Scholtz

Die stryd in die NG Kerk oor die reg van gemeentes om self oor gayhuwelike te besluit, gaan wesenlik oor die gesag van die Bybel. Op verskeie plekke word homoseksuele verbintenisse immers afgekeur.

Ek gaan nou ortodokse Christene skok: Die afwysende geluide in die Bybel oor homoseksualiteit is nie vir my genoeg rede om opregte homoseksuele verbintenisse af te keur nie. Nog minder is dit 'n rede vir kerkskeuring.

Kom ek kontrasteer die gesag van die Bybel in die Christendom met dié van die Koran in die Islam. Ortodokse Moslems glo die Koran is in 'n reeks visioene deur die aartsengel Gabriël aan die profeet Mohammed geopenbaar. Mohammed het dit dan aan volgelinge gedikteer, wat dit opgeskryf het.

Dié geskrifte is later versamel en gerangskik, en dít vorm vervolgens die huidige Koran. Die Moslems glo dus dat die Koran die volmaakte en volledige woord van Allah is, en dat elke woord daarin letterlik waar is.

Die rol van mense in die totstandkoming van die Koran was nul. En omdat Gabriël die visioene in die destydse dialek van Mekka gedikteer het, is alle vertalings minderwaardig en eintlik ongeldig. Baie Christene sien die Bybel in 'n soortgelyke lig.

Die rol van die Bybelskrywers in die totstandkoming van die tekste is te verwaarloos; dit gaan om die volledige openbaring van God se Woord waaraan nie getorring mag word nie. Dis egter al verskeie eeue lank dat geleerdes agtergekom het dat daar heelparty teenstrydighede en selfs feitelike foute in die tekste is. Wat daarop dui dat dit feilbare mense was wat hulle saamgestel het.

Die ontstaansgeskiedenis van die Ou Testament strek maklik oor etlike eeue, waartydens dit van mondelinge oorlewering tot geskrifte ontwikkel het.

En daardie dokumente is bowendien verskeie kere in die lig van ontwikkelende religieuse insigte verwerk. Die moderne argeologie wys ewenwel dat egte geskiedenis onder daardie teologiese lae skuil gaan.

Biskop Papias van Hiërapolis in Klein-Asië (omstreeks 70-130 n.C.) het op grond van onderhoude met verskeie ooggetuies van die gebeure rakende Jesus se lewe en dood geskryf dat die evangelis Markus sý inligting van die apostel Petrus gekry het, maar dat hy dit nie in die regte volgorde neergeskryf het nie.

Latere evangeliste het bowendien bykomende bronne gebruik wat nie by Markus voorkom nie.

Dit alles wys dat die Bybel nie, soos die Moslems oor hul Koran glo, letterlik woord vir woord gedikteer is nie. Trouens, in beginsel is die menslike element altyd al erken in die geloof dat die Bybelskrywers deur die Heilige Gees "geïnspireer" is.

Die evangelies wyk in detail van mekaar af, soos enige moderne historikus by uiteenlopende ooggetuieverslae ervaar, al stem hulle wat die hoofsaak betref ooreen. Dit alles bevestig dat – en hier kan ek sommige skok – die Bybel nie die letterlike woord van God is nie. Dis die woord van mense óór God.

Maar as jy jou ore oopmaak, hoor jy wel deeglik die eggo van God se stem in die tekste. Die grondwaarhede van die Bybel bly dus geldig.

Wat homoseksualiteit betref, moet 'n mens die Bybelse geskrifte ook as produkte van hul tyd sien en só beoordeel.

Ons het vandag nuwe insigte daaroor dat sommige mense nou eenmaal kort en ander lank is, dat die een nou eenmaal homoseksueel en ander heteroseksueel is. Hulle is só gebore: 'n Mens sou selfs kon sê hulle is só geskape.

Dit beteken dat mense die ruimte moet hê om verskillend daaroor te oordeel. En dat die prys van kerkskeuring te groot is om vir só 'n meningsverskil te betaal.

** Scholtz is 'n onafhanklike kommentator.*

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/dit-regverdig-nie-skeuring-in-ngk-20200226

"Jesus' enduring relevance is based on his historically proven ability to speak to, to heal and empower the individual human condition. He matters because of what he brought and what he still brings to ordinary human beings, living their ordinary lives and coping daily with their surroundings. He promises wholeness for their lives. In sharing our weakness he gives us strength and imparts through his companionship a life that has the quality of eternity."
— Dallas Willard, The Divine Conspiracy: Rediscovering Our Hidden Life In God

"In the 300 years of the crucifixion of Christ to the conversion of Emperor Constantine, polytheistic Roman emperors initiated no more than four general persecutions of Christians. Local administrators and governors incited some anti-Christian violence of their own. Still, if we combine all the victims of all these persecutions, it turns out that in these three centuries the polytheistic Romans killed no more than a few thousand Christians. In contrast, over the course, of the next 1,500 years, Christians slaughtered Christians by the millions, to defend slightly different interpretations of the religion of love and compassion."
— Yuval Noah Harari, יצור תולדות האנושותק

"This is the crucifixion of Christ: in which He dies again and again in the individuals who were made to share the joy and freedom of His grace, and who deny Him."
— Thomas Merton, The Seven Storey Mountain

"Faith, then, is not a set of beliefs about the world. It is rather found in the loving embrace of the world. Because the actual existing church has reduced the Crucifixion and Resurrection to religious affirmations held by a certain tribe, rather than expressions of a type of life, the event they testify to has been almost completely eclipsed."
— Peter Rollins, The Divine Magician: The Disappearance of Religion and the Discovery of Faith

"The Church is always God hung between two thieves. Thus, no one should be surprised or shocked at how badly the church has betrayed the gospel and how much it continues to do so today. It had never done very well. Conversely, however, nobody should deny the good the church has done either. It has carried grace, produced saints, morally challenged the planet, and made, however imperfectly, a house for God to dwell in on this earth.

To be connected with the church is to be associated with scoundrels, warmongers, fakes, child molesters, murderers, adulterers, and hypocrites of every description. It also, at the same time, identifies you with the saints and the finest persons of heroic soul within every time, country, race, and gender. To be a member of the church is to carry the mantle of both the worst sin and the finest heroism of soul…because the church always looks exactly as it looked at the original crucifixion, God hung among thieves."
— Ronald Rolheiser

Brood vir die pad

Matteus 27:32-51
(Sien volgende bladsy vir Direkte Vertaling)

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

Seën

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877

saamgeneem en die hele kohort[e] by
Hom byeengebring. 28 Hulle het sy klere
uitgetrek en 'n helderrooi mantel om
Hom gehang. 29 Nadat hulle 'n kroon
van doringtakkies gevleg het, het
hulle dit op sy kop gesit en 'n riet in sy
regterhand. Hulle het voor Hom gekniel
en met Hom die spot gedryf: "Gegroet,
koning van die Jode!" 30 [f]Hulle het op
Hom gespoeg en die riet geneem en
Hom herhaaldelik op sy kop geslaan.
31 Nadat hulle met Hom gespot het, het
hulle die mantel afgehaal, sy boklere
vir Hom aangetrek en Hom weggelei om
Hom te kruisig.

Jesus word gekruisig

(Mark 15:21-32; Luk 23:26,32-39;
Joh 19:17-19,24,39)

32 Op pad na buite het hulle 'n man
van Sirene met die naam Simon
teengekom. Hulle het hierdie man
gedwing om Jesus se kruis te dra. 33 Toe
hulle by 'n plek kom met die naam
Golgota, wat 'Kopbeenplek'[g] beteken,
34 het hulle vir Hom wyn, gemeng met
gal, gegee om te drink.[h] Toe Hy dit
proe, wou Hy dit nie drink nie. 35 Nadat
hulle Hom gekruisig het, het hulle sy
boklere verdeel deur daaroor te loot.[i]
36 Toe het hulle daar gaan sit en Hom
bewaak. 37 Bo sy kop het hulle die
aanklag teen Hom aangebring wat lui:
"Hy is Jesus, die koning van die Jode."
38 [j]Toe is twee rowers saam met Hom
gekruisig, een aan sy regterhand en een
aan sy linkerhand. 39 Die verbygangers
het Hom gelaster terwyl hulle hulle
koppe skud[k] 40 en sê: "Jy wat die
tempel afbreek en in drie dae opbou —
as jy die •Seun van God is, red jouself,
en kom af van die kruis!"

41 So het ook die leierpriesters gesê,
terwyl hulle saam met die skrifkenners
en familiehoofde die spot dryf:
42 "Ander het hy gered, homself kan
hy nie red nie. Hy is die koning van
Israel, laat hy nou afkom van die kruis,
en ons sal in hom glo. 43 Hy het op
God vertrou, laat Hy hom nou red as
Hy wil.[l] Hy het immers gesê: Ek is die
Seun van God." 44 Op dieselfde manier
het ook die rowers wat saam met Hom
gekruisig is, Hom beledig.

Jesus sterf

(Mark 15:33-41; Luk 23:44-49;
Joh 19:25,28-30)

45 Vanaf die sesde tot die negende
uur[m] het daar duisternis oor die hele
land toegesak. 46 Teen omtrent die
negende uur het Jesus met 'n harde stem
uitgeroep: *"Eli, Eli, lemá sabagtáni?"*[n] Dit
beteken, 'My God, my God, waarom het
U My verlaat?'[o] 47 Toe sommige van dié
wat daar staan dit hoor, het hulle gesê:
"Hy roep na Elia." 48 Dadelik het een van
hulle nader gehardloop, 'n spons geneem,
dit in suur wyn geweek, op 'n riet gesit,
en vir Hom gegee om te drink. 49 Maar

e kohort: 'n Afdeling Romeinse soldate wat uit 200 tot 1 000, maar gewoonlik 600 man, bestaan het; •Militêre terme. **f** Toespeling op Jes 50:6 as heenwysing na Jesus Christus. **g Kopbeenplek:** 'n Heuwel buite Jerusalem waar teregstellings plaasgevind het. **h het hulle ... drink:** Toespeling op Ps 69:22 as heenwysing na Jesus Christus. **i het hulle ... loot:** Toespeling op Ps 22:19 as heenwysing na Jesus Christus. **j** Toespeling op Jes 53:12 as heenwysing na Jesus Christus.
k terwyl ... skud: Toespeling op Ps 22:8; 109:25; Klaagl 2:15 as heenwysing na Jesus Christus.
l Hy het op ... wil: Toespeling op Ps 22:9 as heenwysing na Jesus Christus. **m sesde ... negende uur:** Volgens Westerse tydsbepaling van 12:00 tot 15:00; •Tydsindeling. **n *Eli ... sabagtáni:*** Aramese aanhaling uit Ps 22:2 as heenwysing na Jesus Christus. **o My God ... verlaat:** Griekse vertaling in die bronteks van die Aramees.
27:28-30 Luk 23:11
27:29 koning ... Jode: Matt 2:2; 27:29,37; Mark 15:9,12,18,26; Luk 23:37-38; Joh 18:39; 19:3,19,21
27:37 die koning ... Jode: Matt 2:2; 27:11,29; Mark 15:9,12,18,26; Luk 23:37-38; Joh 18:39; 19:3,19,21
27:40 Jy ... opbou: Matt 26:61; Mark 14:58; Joh 2:19-20
27:40 as ... is: Matt 4:3,6; 26:63; Luk 4:3,9 **27:42 koning ... Israel:** Joh 1:49; 12:13
27:43 Hy het immers ... van God: Joh 5:18; 10:36; 19:7 **27:45** Am 8:9 **27:48** Ps 69:22

die ander het gesê: "Wag, laat ons sien
of Elia hom kom red." 50 Toe het Jesus
weer met 'n harde stem uitgeroep en
sy asem uitgeblaas.[p] 51 En waarlik, die
voorhangsel van die heiligdom is van bo
tot onder in twee geskeur, die aarde is
geskud en die rotse is oopgebreek. 52 Die
grafte is geopen en baie liggame van
ontslape •heiliges is opgewek. 53 Hulle
het ná sy opstanding uit die grafte
gekom, in die Heilige Stad ingegaan en
aan baie verskyn. 54 Toe die *hekatontarg*[q]
en dié wat Jesus saam met hom bewaak
het, die skudding en die dinge wat gebeur
sien, was hulle vreesbevange en het gesê:
"Waarlik, Hy was God se •Seun." 55 Daar
was baie vroue teenwoordig wat van ver
af toegekyk het. Dit was vroue wat Jesus
van Galilea af gevolg en Hom gedien het.
56 Onder hulle was Maria Magdalena,[r]
Maria die moeder van Jakobus en
Josef, en die moeder van die seuns van
Sebedeus.

Jesus word begrawe

(Mark 15:42-47; Luk 23:50-56; Joh 19:38-42)

57 Toe dit aand geword het, het 'n ryk
man van Arimatea, met die naam Josef,
daar aangekom. Ook hy was 'n dissipel
van Jesus. 58 Dié man het •Pilatus
genader en die liggaam van Jesus gevra.
Toe het Pilatus beveel dat dit gegee
word. 59 Josef het die liggaam geneem,
dit toegedraai in 'n skoon linnedoek
60 en neergelê in die nuwe graf wat hy
vir homself in die rots laat uitkap het.
Hy het toe 'n groot klip teen die ingang
van die graf gerol en weggegaan.
61 Maria Magdalena was daar, ook die
ander Maria, en hulle het teenoor die
graf bly sit.

Die Joodse leiers laat Jesus se graf beveilig

62 Die volgende dag, dit is die dag ná
Voorbereidingsdag,[s] het die leierpriesters
en die •Fariseërs by •Pilatus byeengekom
63 en gesê: "Meneer, ons het onthou dat,
toe hy nog geleef het, daardie bedrieër
gesê het, 'Ná drie dae sal Ek weer
opgewek word.' 64 Beveel dan dat die graf
tot op die derde dag beveilig word, sodat
sy dissipels hom nie gaan steel en vir die
volk sê, 'Hy is opgewek uit die dood!' nie.
Die laaste dwaling sal erger wees as die
eerste." 65 Pilatus het vir hulle gesê: "Julle
kry 'n wag van soldate. Gaan beveilig
die graf na goeddunke." 66 Hulle het toe
gegaan en die graf beveilig deur die klip
te verseël en die wagte daar te plaas.

Jesus word uit die dood opgewek

(Mark 16:2-11; Luk 24:1-11; Joh 20:1-2,14-18)

28 Ná die Sabbat, teen dagbreek op
die eerste dag van die week,[t]
het Maria Magdalena[u] en die ander
Maria gegaan om na die graf te kyk.

p asem uitgeblaas: Letterlik 'die gees gegee'. **q *hekatontarg:*** 'n Romeinse offisier wat bevel voer oor 100; •Romeinse ampsdraers. **r,u Maria Magdalena:** Die bronteks noem haar deurgaans "Maria, die Magdaleense vrou," dws 'Maria, die vrou afkomstig uit Magdala'. Magdala is 'n dorpie aan die wesoewer van die •See van Galilea. **s Voorbereidingsdag:** Die dag van voorbereiding voor die Sabbat, dws Vrydag. **t eerste ... week:** Letterlik 'op die eerste van die Sabbatte', dws Sondag.
27:51 die voorhangsel ... heiligdom: Eks 26:31-35; Heb 10:20
27:52-53 baie liggame ... grafte gekom: Eseg 37:12
27:53 die Heilige Stad: Matt 4:5; Op 11:2; 21:2,10; 22:19 **27:55-56** Luk 8:2-3
27:56 en die moeder ... Sebedeus: Matt 20:20 **27:57-58** Deut 21:22-23
27:59-60 Josef ... graf: Mark 6:29; Hand 13:29
27:60 Hy het ... gerol: Matt 28:2; Mark 16:3-4; Luk 24:2; Joh 20:1
27:61 Maria ... ander Maria: Matt 27:56; 28:1; Mark 15:40,47; 16:1; Luk 24:10; Joh 19:25
27:63 Ná ... word: Matt 12:40; 16:21; 17:23; 20:19; Mark 8:31; 9:31; 10:34; Luk 9:22; 18:33; 24:7
27:64 Die laaste ... eerste: Matt 12:45; Luk 11:26; 2 Pet 2:20
28:1 Maria ... ander Maria: Matt 27:56,61; Mark 15:40,47; Joh 19:25